Hangklip Gemeenskapsorg Sentrum

Reg No. 102-000-NPO

Kwartaalikse Nuusbrief – Nr. 13 Oktober 2020

Hangklip Gemeenskapsorg Sentrum (HGSS) is 'n ten volle onafhanklike, geregistreerde nie-winsgewende organisasie. Ons werk vanuit fasiliteite wat ons by die Lakeside Chapel (h/v Wheeler- en Whitestraat, Bettysbaai) huur en met hulle deel. Ons visie is die bevordering van 'n samehorige Hangklipgemeenskap (inwoners van Bettysbaai, Pringlebaai en Rooiels), waarin 'n kultuur van omgee-vir-mekaar heers sodat probleme van onvoldoende voeding, eensaamheid, siekte, verwaarlosing, ensovoorts effektief aangespreek kan word. Ons fasiliteer, 'n reeks dienste aan die gemeenskap, hoofsaaklik met behulp van vrywilligers Dit sluit in:

- *Voorsiening van voedsame en smaaklike etes teen gesubsideerde, bekostigbare pryse*
- *Gratis verskaffing van kospakkies aan inwoners wat sukkel om in basiese voedselbehoeftes te voorsien*
- *'n Kliniekdiens vir die ontvangs van chroniese medikasie, roetine mediese toetse en uitleen van basiese verpleegtoerusting*
- *Geleenthede vir groeps-aktiwiteite, ontspanning en sosiale interaksie.*

Hierdie dienste, tesame met ander wat meer direk betrekking het op tuis-versorging en -ondersteuning, is die basis vir ons **HAIL** (**H**ome-based **A**ssisted **I**ndependent **L**iving) inisiatief, waardeur inwoners wat oor verminderde kapasiteit beskik om vir hulself te sorg, of ten minste onafhanklik te kan funsioneer, gehelp word om so lank moontlik in hulle eie wonings en binne die gemeenskap en omgewing waarvoor hulle lief is, te bly voortleef.

TERUGBLIK

HIerdie is ons vierde en laaste nuusbrief vir 2020. Die volgende een word beplan vir 31 Januarie 2021. As ons terugkyk op vorige nuusbriewe wat gedurende 2020 uitgereik is, blyk dit 'n jaar vol teenstrydighede.

In die nuusbrief van Januarie het ons optimisties verwag om uitdagings te bowe te kom en die dienste aan die Hangklip-gemeenskap uit te brei in ooreenstemming met ons visie en missie soos uiteengesit hierbo. Teen die einde van April het die volgende nuusbrief verskyn en was die Covid-19-beperkings vir vlak 5 al byna vyf weke van krag. Gedurende hierdie grendelperiode moes ons al ons vrywilligers van diens vrystel en meeste van ons dienste opskort. Ons kombuis kon egter voortgegaan om maaltye te verskaf aan diegene wat in aanmerking kom vir hoogs gesubsidieerde etes. Die kospakkiediens, wat teen hierdie tyd gekoördineer was met munisipale voedsel-hulpinisiatiewe, kon gelukkig onverpoos voortgaan.

In die daaropvolgende drie maande, voor die uitreiking van die 3de nuusbrief op 31 Julie, het relatief min verander. Ten spyte van die versagting van die grendelregulasies, het die voortdurende behoefte aan sosiale distansiëring en streng beperkings op die grootte van byeenkomste steeds alle groepsaktiwiteite verhinder. Vrywilligers kon nog nie na hul dienste terugkeer nie en die kapasiteit van die kombuis was steeds beperk. Alle sosiale en ontspanningsdienste, sowel as kliniekdienste (behalwe vir die ontvangs van chroniese medikasie), was steeds opgeskort. Fisiese vergaderings van die bestuurskomitee kon ook nie gehou word nie, en sake moes aanlyn gedoen word.

Die HGSS-grondwet vereis dat die AJV voor einde Junie gehou moet word, wat op daardie stadium nie moontlik was nie. 'n Aanlyn AJV was ook nie ter sprake nie, want dit sou 'n groot hoeveelheid van ons lede wat nie toegerus is om op hierdie manier deel te neem nie, uitsluit. In 'n ongekende stap was besluit om te aanvaar dat 'n AJV wel gehou was en by implikasie die bestaande komiteelede, wat behoorlik verkies was, vir 'n verdere jaar vir diens aan te stel. Dit was a groot teleurstelling omdat ons gehoop het om addisionele komiteelede aan te stel en sodoende die bestuur beter toe te rus om die toenemende uitdagings vir die instanthouding van die sorgsentrum die hoof te bied en sodoende in die uiteenlopende behoeftes van die Hangklip-gemeenskap te voorsien.

HERVATTING VAN AKTIWITEITE

Gelukkig het die versagting van die grendelbeperkings in die drie maande sedert die uitreiking van die Julie-nuusbrief die gedeeltelike hervatting van opgeskorte aktiwiteite moontlik gemaak.

Fisiese (of in-persoon) vergaderings van ons bestuurskomitee het einde Augustus weer begin en sommige opgeskorte dienste is ook hervat, terwyl ander eers in die nuwe jaar sal begin.

Vroeg in Oktober was dit moontlik om ons kombuisvrywilligers te herroep en nie-gesubsidieerde maaltye was weer beskikbaar gestel. Daarbenewens is die sosiale Woensdagmiddagetes ook weer in ere herstel. Die geleentheid om weer saam te kuier tydens 'n maaltyd is met groot entoesiasme ontvang. (*Kontak Patricia Ackerberg by 082 378 1641 vir navrae of besprekings vir Woensdagmiddagetes*).

Die deelnemers aan die Pilates-klasse was net so entoesiasties om vanaf Oktober ook weer te begin oefen. Ter wille van sosiale distansiëring, moes die groep egter in twee verdeel word, met elke groep wat nou slegs een keer per week kan oefen, hetsy op 'n Maandag of 'n Donderdag.

Die maandelikse kulturele gesprekke (in vennootskap met die Bettysbaai Belastingbetalersvereniging) sal op 11 November hervat word, met 'n praatjie deur Gert Claassen oor die verlore stad in die oerwoud van die Amasone.

Die brugklub en vriendskapsirkel sal eers vroeg in die nuwe jaar hervat word. Wat die kliniek betref, sal verpleeg- en spysenieringsdienste wat die ontvangs van chroniese medisyne aanvul, waarskynlik ook nie weer voor Maart volgende jaar heringestel word nie.

HAIL NUUS

Die beperkings van die Covid-19-grendelreels het ons onmiddellike planne vir die voortgesette ontwikkeling van HAIL met sy vele fasette, wat alles verband hou met die handhawing van 'n onafhanklike lewe soos mense ouer en swakker word, ernstig ontwrig.

Die opvoedkundige forum vir gesondheidswerkers, wat spesifiek op tuisgesondheidsorg in ons gemeenskap fokus, het in Februarie 2020 tot totale stilstand gekom, en dit lyk onwaarskynlik dat dit voor Februarie 2021 sal hervat. Dit het nie net die program van gereelde gesprekke oor onderwerpe van opvoedkundige belang en praktiese waarde onderbreek nie, maar die gepaardgaande kommunikasie en spanwerk onder gesondheidswerkers, het baie momentum verloor. Die verminderde interaksie tussen HGSS en ons versorgingswerkers het sodoende een van die belangrikste kanale waardeur ons bewustheid van die dinamiese, gesondheidsverwante tuisversorgings-behoeftes van ons gemeenskap kon monitor en behou, grootliks afgesny. Dit is dus baie belangrik om die opvoedkundige forum met die eerste moontlike geleentheid te laat herleef.

Ons is daartoe verbind om saam met plaaslike gesondheidswerkers te werk om te verseker dat versorgers se dienste uitgebrei word na gemeenskapslede wie se dringende behoeftes, veral weens bekostig-baarheid (of enige ander rede), grootliks onvervuld bly. Dit is belangrik om daarop te let dat HGSS bereid is om hierdie dienste te subsidieer waar dit, op grond van onafhanklike assessering, nodig blyk te wees. Om dit te kan doen, moet individuele behoeftes onder die aandag van HGSS gebring word, hetsy deur lede van die tuisversorgersgemeenskap; deur lede van die opvoedkundige forum; of deur lede van die Hangklip-gemeenskap in die algemeen. Stel asseblief *Patricia Ackerberg (082 378 1641)* of *George Green (083283 4454)* in kennis van enige onmiddellike behoeftes.

Een van die HAIL-inisiatiewe wat aktief ondersoek was voor die aanvang van die COVID-grendeltydperk, was die breë HAIL-verwante gemeenskaps-/huishoudelike behoefteopname gebaseer op die internasionaal gebruikte RAI-vraelys. Aangesien hierdie opname persoonlike deur-tot-deur besoeke van spesiaal opgeleide personeel vereis, sal dit nie geimplementeer kan word solank die bedreiging van die Covid-19-infeksie ons bybly nie. Volgehoue terugvoer oor enige individuele of huishoudelike behoeftes wat die vermoë tot ‘n onafhanklike lewensstyl binne die gemeenskap verminder, word dus sterk aangemoedig om sodoende die HAIL-visie te verwesenlik. Kennis van gemeenskapsbehoeftes is fundamenteel vir die volgende stap om 'n effektiewe vrywilligersstelsel te ontwikkel wat soepel kan aanpas by hierdie behoeftes.

AANVULLING VIR BESTUURSKOMITEE

Soos voorheen genoem, was dit ons versugting dat die algemene jaarvergadering in 2020 die geleentheid sou bied vir die uitbreiding en hernuwing van die bestuurskomitee in die belang van meer omvattende en beter diens aan ons Hangklip-gemeenskap. Persone met 'n passie vir gemeenskapsdiens word dus steeds versoek om na vore te kom, hulself te vergewis van komitee-aktiwiteite en dan hulself beskikbaar te stel aan die komitee. Vir meer inligting, kontak *George Green (083283454).*

ERKENNING

Soos in ons vorige nuusbrief genoem word, word die vrygewigheid van Hangklip-gemeenskapsorganisasies, hul lede en individuele inwoners gedurende hierdie uitdagende tye steeds geopenbaar. Ons het gereeld ongevraagde donasies van kontant en voedselitems ontvang, verskeie van anonieme bronne. Ons bly oneindig dankbaar vir hierdie ondersteuning, wat van kardinale belang is vir die volhoubaarheid van dienste wat HGSS aan ons gemeenskap lewer.

Sedert Oktober hervat die gesellige Woensdag etes in die HGSS eetkamer.

Help asseblief om te verseker dat hierdie nuusbrief onder die aandag van soveel as moontlik Hangklip inwoners gebring word om hulle bewus te maak van die dienste wat HGSS fasiliteer en hulle aan te moedig om lede te word. Aan diegene wat graag ‘n eenmalige of gereelde (belastingaftrekbare) donasie wil maak, voorsien ons graag die nodige bankbesonderhede. Gebruik asb u van en voorletters as verwysing en stuur u kontakbesonderhede aan Adrian de Kock (adrian25@telkomsa.net) sodat hy u van ‘n belastingsfaktuur kan voorsien.

Rekening: Hangklip Community Care Centre
Bank: Eerste Nasionale Bank
Rekeningnr: 62460003818

Volg ons op Facebook @hccc.bb
(word weekliks opdateer)